# Die gedragskode in praktyk

**Die gedragskode dien as riglyn vir die optrede van leerders. 'n Parkie se gedrag kan dus gemeet word aan die mate waarin hy/sy die skool se gedragskode onderskryf en respekteer.**

**Die gedragskode van 'n skool word verskans deur die Skolewet (Wet 84 van 1996 en die wysigings daarvan) en daar word verwag dat 'n leerder wat by die skool inskryf en sy/haar ouers/voogde hulle van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Verder impliseer inskrywing by die skool dat die leerder en sy/haar ouer/voog die gedragskode aanvaar en nougeset sal nakom. Indien 'n leerder die gedragskode oortree of minag, sal daar dienooreenkomstig teenoor hom/haar opgetree word.**

**1. Toegerus**

'n Ywerige Parkie sorg dat hy/sy toegerus skool toe kom met:
- die nodige **skryfbehoeftes**;
- sy/haar **werkplan**; en
- 'n **seil- of leertas** (minimum afmetings 40 cm x 25 cm), wat sy/haar boeke sal beskerm.

'n Parkie het respek vir eiendom, daarom bring hy/sy nie **duur items** skool toe nie. Hy/sy los nie sy/haar **tas of sak buite die klas** nie (behalwe waar dit so vir hom/haar aangewys word), aangesien dit sy/haar verantwoordelikheid is om dit op te pas.

**2. Voorkoms**

'n Lojale Parkie dra die skool se klere en kleure met trots. Hy/sy het respek vir hom-/haarself en sy/haar mede-Parkies en daarom:
- kom hy/sy die voorskrifte t.o.v. **skooldrag** en voorkoms stiptelik na;
- sorg hy/sy dat hy/sy absoluut **korrek geklee** is wanneer hy/sy deelneem aan **sport of** wanneer hy/sy **byeenkomste** bywoon om die skool en sy/haar maats te ondersteun;
- sorg hy/sy dat hy/sy korrek geklee is buite skoolverband as hy/sy in sy/haar skooluniform geklee is en
- sorg hy/sy dat geen tatoeëermerke sigbaar is wanneer hy/sy in skool- of sportdrag geklee is nie.

**Kleredrag, soos truie, serpe en kouse wat verkeerd gedra word, asook juweliersware** word gekonfiskeer. Gekonfiskeerde items kan by me. S. Maritz (A204) afgehaal word.

Respek verhoed dat 'n Parkie **kougom** kou wanneer hy/sy in skooldrag geklee is.

**3. Afwesigheid**

Lojaliteit en integriteit vereis dat:
- 'n Parkie **slegs** weens siekte of 'n ander ernstige of dringende saak **afwesig** is;
- hy/sy die **eerste dag** wat hy/sy weer terug is by die skool, 'n brief van sy/haar ouer/voog waarin die rede vir sy/haar afwesigheid aangetoon word, by sy/haar klasvoog inhandig;
- indien hy/sy **4 dae of meer** afwesig is, hy/sy 'n mediese sertifikaat sal inhandig;
- indien hy/sy gedurende 'n geskeduleerde toets of eksamen afwesig is, hy/sy 'n **mediese sertifikaat** sal inhandig om sodoende nie die punte te verloor nie; en
- hy/sy self die skoolwerk wat hy/sy a.g.v. sy/haar afwesigheid misgeloop het, sal inhaal.

'n Leerder wat afwesig is sonder 'n geldige rede, maak hom/haar aan **skoolontduiking** skuldig.

**4. Laatkom vir skool/vierkant/klas**

- Wanneer die **eerste klok** om **07:28 lui**, beweeg 'n Parkie na die registerklas (op Maandae) of na die vierkant.
- Wanneer die **tweede klok** om **07:30** lui, staan hy/sy reeds by sy/haar registerklas of in sy/haar graadblok in die vierkant aangetree, sodat daar met skriflesing en gebed geopen kan word. 'n Parkie het respek vir sy/haar eie en ander se tyd. Daarom sal hy/sy **betyds** wees.
- 'n Parkie wat laat kom vir skool, sorg dat sy/haar ouer/voog die laatkombrief in sy/haar werkplan teken, of hy/sy bring 'n **brief** wat die rede vir die laatkom aandui wat deur sy/haar ouer/voog onderteken is. Hy/sy meld eers by die voorste kantoor én by sy/haar **klasvoog** aan, voordat hy/sy by die klas aansluit.

- 'n Parkie beweeg flink en vinnig tydens **wisseling** van een klas na 'n ander. Hy/sy drentel of kuier nie en gaan nie tussen periodes badkamer toe nie, aangesien hy/sy die beskikbare akademiese tyd ten volle wil benut.

So bewys 'n Parkie sy/haar integriteit deur **afsprake met personeel** na te kom en hy/sy bly nie weg sonder dat hy/sy die betrokke personeellid vooraf in kennis gestel het nie.

**Ouers** word gemaan om te sorg dat leerders betyds by die skool opdaag.

**5. Gedrag tydens opening**

'n Lojale Parkie is deel van sy/haar **graadgroep** en staan tydens opening in die area wat vir hom/haar so aangedui is.

Uit respek:
- staan 'n Parkie tydens opening **nie met sy/haar hande in sy/haar sakke nie**;
- kyk hy/sy vorentoe en bepaal sy/haar **aandag** by die verrigtinge; en
- **eet of drink hy/sy nie** en hou hy/sy hom/haar nie met sy/haar **selfoon, leerwerk** of ander dinge besig nie.

Sy/haar gedrag in die vierkant en die saal sal **onberispelik** wees.

**6. Akademie**

'n Parkie kom sy/haar akademiese verpligtinge pligsgetrou na en behou so die merietepunt wat deel vorm van deurlopende evaluering.

Hy/sy:
- doen sy/haar **huiswerk** selfstandig en met ywer. Dit geld vir praktiese, skriftelike, sowel as leerwerk;
- vergeet nie sy/haar boeke of werksopdragte en take tuis nie;
- hanteer sy/haar **werkplan** soos 'n handboek;
- ontwrig nie die **klasroetine** nie;
- sorg dat sy/haar **selfoon** afgeskakel is en
- **eet en drink nie** tydens 'n lesperiode nie.

'n Lojale Parkie sorg dat sy/haar optrede nie sy/haar maats van die geleentheid ontneem om ten volle by die onderrig- of leerproses te baat nie.

**7. Netheid van die omgewing**

Dit is vir 'n Parkie 'n saak van lojaliteit om sy/haar **skoolterrein én sy/haar klaskamer skoon en netjies** te hou.
- Wanneer dit sy/haar klas se beurt is, verrig hy/sy vriendelik en vrywillig die **terreindiens** in sy/haar graadgroep se spesifieke area.
- Hy/sy neem ook verantwoordelikheid om sy/haar **klaskamer** skoon en netjies te hou.

**8. Verbode terrein**

'n Parkie sorg dat hy/sy weet watter deel van die terrein aan sy/haar betrokke graadgroep toegeken is. Hy/sy vermy die ander graadgroepe se terrein. Die volgende is verbode terrein:
- **klasse, saal en stoepe** tydens pouses;
- die kafeteria en omgewing in die oggende **voor skool** en
- die **kafeteria** tydens klastyd vir graad 8 tot 11. Slegs die graad 12-leerders het die voorreg om tydens toesigperiodes die kafeteria te besoek.

**9. Beskadiging van eiendom**

'n Parkie respekteer sy/haar eie en ander se eiendom en daarom:
- krap hy/sy nie op **banke, stoele, mure, of tasse nie**; en
- plaas hy/sy nooit sy/haar tas bo-op **sy/haar skoolbank** nie, aangesien dit die bank beskadig.

'n Leerder en sy/haar ouers/voogde neem ook verantwoordelikheid vir skool- en ander leerders se eiendom wat **per ongeluk**

deur die leerder beskadig is.

**10. Haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag**

‘n Parkie toon respek aan ander en maak hom/haar daarom nie skuldig aan enige vorm van haatspraak, seksisme of ander antisosiale gedrag, hetsy direk of indirek, nie.

**11. Taalgebruik**

'n Parkie toon sy/haar respek teenoor almal wat met hom/haar te doen kry deur te let op sy/haar taalgebruik. **Kru en onwelvoeglike taal** word nie deur 'n Parkie gebruik nie. Hy/sy toon sy/haar **welwillendheid** deur almal wat hy/sy teëkom, vriendelik te groet.

**12. Klasontduik/klasverlaat**

'n Ywerige Parkie:
- doen pouse wat nodig is, sodat hy/sy nie tydens klas die kamer moet verlaat nie;
- loop nie met allerhande voorwendsels tydens lestyd rond nie;
- is nie afwesig van klas of verlaat 'n klas **sonder die toestemming van die betrokke onderwyser nie**;
- sorg dat hy/sy luister wanneer daar **toesig** gereël word (**toesigklas** is 'n akademiese periode waartydens hy/sy hom/haar met skoolwerk besig hou). Elke Parkie het onderwysers waarheen hy/sy vir toesig gaan. Sy/haar integriteit verseker dat hy/sy **toesigpersoneel** se name en klaskamers ken en dat hy/sy wel by hierdie personeel aanmeld wanneer een van sy/haar personeel afwesig is. 'n Parkie (gr. 8 tot 11) gaan nie tydens toesigperiode na die **kafeteria** toe nie en
- ‘n Parkie wat siek word by die skool, kan slegs by die **graadvoog** toestemming ontvang om in die siekekamer te gaan lê totdat sy/haar ouers hom/haar kan kom haal. Die graadvoog sal dit in die leerder se **werkplan** aanteken.

**13. Rook/In die teenwoordigheid van rokers**

'n Parkie bewys integriteit en lojaliteit deur:
- nie in **skooldrag**, op die **skoolterrein** of by **skoolfunksies** te rook nie;
- nie vuurhoutjies, tabak, sigarette, aanstekers of elektroniese rooktoestelle skool toe te bring of in sy/haar besit te hê nie; en
- omdat hy/sy dit nie goedkeur dat sy/haar vriende hulle eie en sy/haar gesondheid benadeel nie, sal hy/sy ook nie in die teenwoordigheid van iemand wat rook wees nie. 'n Leerder wat binne 'n **5 meter radius** van 'n roker is, word beskou as in die teenwoordigheid van rokers te wees. Die oortreding van hierdie reël sal die bywoning van koelkas tot gevolg hê.
- Leerders wat hulleself aan bogenoemde skuldig maak, ontvang 200 debietpunte.
- Leerders wat hulleself 'n tweede keer aan bogenoemde skuldig maak, ontvang 400 debietpunte en 'n finale, skriftelike waarskuwing.
- Met 'n herhaaldelike oortreding van bogenoemde, kan die finale skriftelike waarskuwing met 'n skorsing en 'n formele dissiplinêre verhoor opgevolg word.

Geen leerder mag in besit wees van vuurhoutjies, aanstekers, sigarette of enige vorm van 'n e-apparaat wat met rook verband hou nie. Die toestelle sal onmiddellik gekonfiskeer word.

Leerders wat hulself aan bogenoemde skuldig maak, ontvang 400 debietpunte.

Leerders wat hulself 'n tweede keer aan bogenoemde skuldig maak, ontvang ingevolge **ouerskrywe 15/11/2021** en **Bestuursliggaambesluit 08/12/2021** 'n verdere 400 punte, skorsing van een skooldag én 'n finale waarskuwing. Enige daaropvolgende oortredings sal tot skorsing van 5 skooldae hangende 'n dissiplinêre verhoor lei.

**14. Verlaat van skoolterrein**

'n Parkie het integriteit en weet hy/sy kan die skoolterrein tussen 07:30 en 14:00 slegs met die **toestemming van die graadvoog** verlaat - selfs as sy/haar ouer hom/haar by die skool kom haal. Aangesien die skool verantwoordelikheid neem vir die veiligheid van die leerders, word ouers versoek om die uittekenprosedures te volg.

Indien die graadvoog/hulpgraadvoog afwesig of nie beskikbaar is nie, word toestemming deur een van die **adjunkhoofde** verleen. Indien 'n Parkie die skoolterrein moet verlaat:

- bring hy/sy, sover moontlik, reeds die **vorige dag** 'n brief van sy/haar ouer/voog waarin die rede verstrek word en sorg hy/sy dat die uittekentabel in die werkplan volledig ingevul en geteken is;
- kry hy/sy **direk na opening**, voor voogperiode, toestemming by die graadvoog, wat sy/haar werkplan sal teken en
- neem hy/sy self die werkplan na die res van sy/haar personeel waar klasse misgeloop word, om uit te teken.

'n Ywerige Parkie poog om, waar moontlik, geen **dokters- of ander afsprake** tydens skoolure te maak nie, aangesien hy/sy nie werk wil misloop wat later weer met moeite ingehaal moet word nie. Die vroegste wat 'n leerder van die skool mag vertrek om 'n afspraak vir 'n bestuurslisensie na te kom, is om 12:30. 'n Parkie ontvang net 'n sertifikaat vir **getroue skoolbesoek** indien hy/sy elke dag by die skool was tot 11:00 en nooit stokkiesgedraai het nie.

Tydens skoolure is die Parkies die skool se verantwoordelikheid. Integriteit dwing 'n Parkie wat tydens skoolure **beseer** word, om dit dadelik by die kantoor aan te meld.

**Koshuisleerders** moet toestemming van die graadvoog én die koshuisvader of –moeder verkry om die skoolterrein, om watter rede ook al, te verlaat.

**15. Eerlikheid**

Integriteit dwing 'n Parkie om te alle tye eerlik te wees. Hy/sy sal homself dus daarvan weerhou om:

- **handtekeninge** na te maak;
- 'n **vals naam** op te gee;
- **huiswerk** of **assesseringsopdragte** af te skryf en as sy/haar eie aan te bied;
- oneerlik te wees in **toetse of eksamens** en
- **valse verklarings** af te lê.

'n Ware Parkie maak hom/haar nie skuldig aan **bedrog** van enige aard nie.

'n Parkie se lojaliteit dwing hom/haar om **inligting** wat vir die **veiligheid** van ander, of vir die goeie orde en dissipline van die skool nodig is bekend te maak. Indien nodig, kan sodanige verskaffing van inligting in camera geskied (Wet 50 van 2002).

**16. Ordereëlings en skoolroetine**

'n Parkie se integriteit en respek dwing hom/haar om:

- wanneer hy/sy in die **klas** kom, dadelik sy/haar boeke uit te haal, sy/haar tas netjies onder sy/haar stoel te plaas en te gaan sit sodra die onderwyser die klas gegroet het;
- te luister na die **afkondigings** voor skool, pouse en aan die einde van die skooldag;
- eers die klas te verlaat nadat daar om 14:00 **afgesluit is** en die onderwyser die klas verdaag het;
- nie **oproepe van die voorste kantoor** af te maak nie en te sorg dat hy/sy wel m.b.v. sy/haar selfoon kan bel indien nodig;
- die **mediasentrum** slegs gedurende pouse en na skool en nie tydens klastyd nie, te besoek en
- nie met sy/haar **fiets, motorfiets of motor** op die skoolterrein te ry nie.

'n Parkie maak hom-/haarself nie skuldig aan **staking, massaoptrede of ontgroening** nie. Sulke optrede word ter wille van almal se veiligheid ten strengste deur die **Skolewet** verbied.

**17. Kommunikasie met ouers**

'n Parkie met integriteit oorhandig getrou alle **omsendbriewe of ander kommunikasie** van die skool aan sy/haar ouer/voog. Indien daar 'n **skeurbriefie** is, word dit so gou moontlik, verkieslik die volgende dag, aan die klasvoog terugbesorg.

- **Drie keer per jaar** word 'n Parkie se ouers oor sy/haar akademiese vordering ingelig wanneer 'n **rapport** aan die ouers gestuur word.
- **Opvoedkundige verslae** wat die ouers inlig oor sy/haar gedrag, word deur die jaar op vasgestelde datums (sien die

werkplan) uitgestuur.
- Daar is twee oop **oueraande**, asook 'n geleentheid in die derde kwartaal waarheen spesifieke ouers uitgenooi word.
- Aangesien daar ook via **sms'e** met ouers gekommunikeer sal word, word ouers gemaan om seker te maak dat hulle die skool te alle tye van hul **selfoonnommers** en veranderinge in die verband inlig.

'n Parkie se ouers word uitgenooi om enige probleme via die **klasvoog of die graadvoog** met die skool te kommunikeer.

**18. Buitekurrikulêre aktiwiteite**

‘n Lojale Parkie hou hom/haar by die bepalings van die skool se gedragskode, selfs waar hy/sy by **aktiwiteite na skool** of by ander skole betrokke is.

‘n Parkie bring sy/haar kant met ywer deur by **verskeie aktiwiteite** van die skool betrokke te raak. Elke **sportakademie** en buitemuurse aktiwiteit beskik oor 'n geskrewe beleid wat die gedragskode ondersteun. 'n Parkie wat aan enige skoolaktiwiteit deelneem, onderskryf hierdie beleid.

‘n Parkie is 'n **ambassadeur** vir sy/haar skool. Sy/haar gedrag in en buite die klas getuig van sy/haar begeerte om deel te wees van die skool en daarom tree hy/sy altyd beleefd, vriendelik en met respek op.

**19. Koshuise**

Die gedragskode van die skool geld ook vir die koshuise. Die koshuise beskik ook oor interne en spesifieke reëls. Ouers/voogde van koshuisleerders onderneem om hulle van sodanige reëls te vergewis en daarby te hou.

**20. Skedule 1- en 2-oortredings ingevolge die Skolewet (wet 84 van 1996)**

Ernstige wangedrag word beskou as skedule 1- en 2-oortredings soos uiteengesit in die Skolewet (Wet 84 van 1996). Voorbeelde van sodanige gedrag sluit die onderstaande in, maar is nie daartoe beperk nie.

'n Parkie met integriteit maak hom nie skuldig aan die volgende gedrag nie:

- Minagting van tugmaatreëls;
- Die gebruik/besit/onder die invloed van verbode middels, bv. tabak, alkoholiese drank en dwelmmiddels;
- Die gebruik/besit van verbanne opkikkers, steroïdes of tersaaklike chemiese stowwe daarop gerig om sportprestasie onregmatig te verbeter;
- Skuldigbevinding aan die gebruik van bostaande middels soos gelys in die vorige twee punte deur 'n relevante sportbeheerliggaam soos bv. SARU;
- Bakleiery/aanranding;
- Die besit van 'n gevaarlike wapen/potensieel gevaarlike wapen;
- Seksuele wangedrag/molestering;
- Verbale geweld/vernedering/afdreiging;
- Die besit /verspreiding van pornografiese materiaal van enige aard (ook op selfoon of rekenaar);
- Diefstal/die besit van gesteelde goedere/onregmatige besit van eiendom;
- Massaoptrede/ontwrigtende optrede/staking;
- Oneerlikheid/in besit van notas tydens toetse en eksamens;
- Opsetlike saakbeskadiging/vandalisme;
- Satanisme.

**Die hoof of die beheerliggaam kan te enige tyd addisionele huishoudelike reëls neerlê.**

**21. Gesagstrukture**

'n Parkie erken en respekteer die **gesagstrukture** van die skool, soos die beheerliggaam, die Parkieraad (VLR), die matriekraad, die sportkapteine, die akademiehoofde en die personeel.

Daar is drie gesagstrukture wat dissiplinêre probleme hanteer, naamlik die Parkieraad (Verteenwoordigende Leerderraad -

VLR) se dissiplinêre raad, die interne tugraad en die beheerliggaam se dissiplinêre komitee.

Die **Parkieraad se dissiplinêre raad** hanteer alle oortredings waarvoor 10 – 30 strafpunte aangeteken word.

Die interne tugraad hanteer alle oortredings waarvoor 50 – 200 strafpunte aangeteken word. Indien die interne tugraad dit nodig ag, sal 'n saak na die beheerliggaam se dissiplinêre komitee verwys word. Alle oortredings van 300+ punte het ook strafregtelike implikasies en sal as sodanig hanteer word.

**22. Akademiese oortredings**

Oortredings van akademiese aard vorm deel van die strafpuntstelsel en daar word vir die aanmelding daarvan op die dissiplinestrokie voorsiening gemaak. Herhaaldelike voorvalle van ongedane huiswerk en laatkom vir klas sal wel strafpunte ontvang. Ouers kan dus op die opvoedkundige verslag sien watter akademiese oortredings deur personeel aangemeld is, bv.:

017A Huiswerk 3x nie gedoen nie
003A Leermateriaal nie in die klas nie
002A Laatkom vir klas
005A Versuim om toetse ens. geteken in te handig
027A Verontagsaam PAT/Praktiese assessering sperdatums

Die vakonderwyser is verantwoordelik vir die hantering van oortredings van akademiese aard. Hy/sy kan remediërende strafwerk, pousebesintyd, middagbesintyd, of ander remediërende maatreëls instel. Hy/sy kan ook die ouers/voogde van die leerder kontak sodat die saak aangespreek en probleme opgelos kan word.

**OPTREDE IN GEVAL VAN OORTREDING VAN DIE GEDRAGSKODE**

'n Parkie besef dat onaanvaarbare optrede altyd gevolge inhou. Tug word as opvoedkundige hulpverlening beskou en het altyd die voordeel en welsyn van die Parkies, die skool en die gemeenskap ten doel. Dit beskerm hierdie verskillende rolspelers in ons skoolgemeenskap. Om probleme vroegtydig raak te sien, aan te spreek en verbetering te monitor is dit nodig om rekord te hou. By die skool geskied dit deur die dissiplinêre kontrolestelsel.

Oortredings word aangeteken op 'n dissiplinêre strokie en gekonsolideer. Strafpunte is kummulatief en bly op rekord.

Leerders begin elke nuwe skooljaar met 'n skoon punterekord. Die hoof van dissipline het egter die reg om die opgeskorte punte van die vorige jaar weer in te stel, indien 'n leerder se gedrag in die nuwe skooljaar nie ingrypende verbetering toon nie. Dit beteken dat koelkassessies van die vorige jaar in die nuwe skooljaar ingehaal moet word.

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# Die gedragskode in praktyk

| KODE | OORTREDING | PUNTE |
|---|---|---|
| 001 | Rommelstrooi | -10 |
| 002A | Laat vir klas | -10 |
| 003A | Leermateriaal nie in die klas nie | -10 |
| 004A | Verontagsaam sperdatums | -10 |
| 005A | Versuim om toetse, opdragte, ens. geteken in te handig | -10 |
| | | |
| 006A | Pligsversuim in voogperiode (bv. inhandiging van skeurstrokies/verslae, nienakoming van klaspligte) | -20 |
| 007A | Kleredrag en voorkoms | -20 |
| 008A | Wangedrag tydens opening/klaswisseling | -20 |
| 009A | Onaanvaarbare fisiese kontak tussen leerders (bv. vryery) | -20 |
| | | |
| 010A | Laatkom vir koelkas | -30 |
| 011A | Laatkom vir skool | -30 |
| 012A | Klasontwrigting | -30 |
| 013A | Onwelvoeglike taalgebruik (mondeling/skriftelik/elektronies) | -30 |
| 014A | Versuim om praktiese klere klas toe te bring | -30 |
| 015A | Verskaffing van foutiewe registrasienommer | -30 |
| 016A | Versuim om elektronies in te teken | -30 |
| 017A | Huiswerk 3 x nie gedoen nie | -30 |
| | | |
| 018A | Pligsversuim (bv. afsprake, mondelinge toetse, ekstra klasse, sport-/kultuuraktiwiteite, ens.) | -50 |
| 019A | Verbode terrein | -50 |
| 020A | Klasontduik: nie-akademies (bv. opening, waardeperiode, sang, ens.) | -50 |
| | | |
| 021A | Klasontduik: toesigklas | -100 |
| 022A | Wangebruik van selfoon/slimhorlosie | -100 |
| 023A | Oneerlikheid (bv. valse naam, foutiewe registrasienommer, werkplan, valse handtekening, ens.) | -100 |
| 024A | Klasontduik: akademies | -100 |
| 025A | Verlaat skoolterrein sonder toestemming / sonder om uit te teken | -100 |
| 026A | Skoolontduik (per dag) | -100 |
| 027A | Verontagsaam PAT/Praktiese assessering sperdatums | -100 |
| 028A | Dra aanhoudend/opsetlik onregmatige sportdrag | -100 |
| 029A | Wangebruik van apparatuur en programmatuur soos rekenaars | -100 |
| 030A | Onbetaamlike gedrag tydens skoolure, skool-/sportfunksies, ens. | -100 |
| | | |
| 031A | Minagting van tugmaatreëls (bv. daag nie op vir koelkas nie, ens.) | -200 |
| 032A | In die teenwoordigheid van rokers | -200 |
| 033A | Rook of in besit van tabakprodukte/aanstekers/vuurhoutjies/elektroniese rooktoestelle | -400 |
| 033B | Rook: Skorsing ingevolge algemene ouerskrywe (15/11/2021) en Bestuursliggaambesluit (8/12/2021) | |
| | | |
| 034A | Oneerlikheid/ in besit van notas tydens toetse, eksamens en assesseringsopdragte | -300 |
| 035A | Onaanvaarbare gedrag buite/binne skoolverband wat die naam van die skool in gedrang bring | -300 |
| 036A | Ontwrigting van skoolroetine (bv. staking) | -300 |
| 037A | Baklei/Fisiese geweld / Dreigemente van geweld | -300 |
| 038A | Verbale geweld/kuberboelie (bv. aantasting van menswaardigheid, vernedering, teistering van leerders/personeel) | -300 |
| 039A | Diefstal/ In besit van gesteelde goedere / Onregmatige besit van eiendom | -300 |
| 040A | In besit van of onder die invloed van alkohol/dwelms/ enige verbode middels | -300 |
| 041B | Seksuele wangedrag/molestering/teistering | -300 |
| 042A | In besit/verspreiding van pornografiese/eksplisiete materiaal van enige aard | -300 |
| 043A | In besit van ʼn gevaarlike wapen / potensieel gevaarlike wapen | -300 |
| 044A | Vandalisme/graffiti | -300 |
| 045A | Haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag (mondeling/skriftelik/elektronies) | -300 |
| 046A | Volgehoue minagting van die kleredrag- en voorkomsreëls (reeds 3 x aangespreek) | -300 |
| 047A | Sosiaal onaanvaarbare gedrag binne kleedkamers/badkamers | -300 |

- Leerders kan na 300 debietpunte 'n skriftelike waarskuwing ontvang.
- Die skriftelike waarskuwing kan opgevolg word met 'n formele intervensiegesprek, interne verhoor of formele dissiplinêre verhoor.

**Sanksies wat vir oortredings opgelê word:**

- Pousebesintyd
- Middagbesintyd
- Vrydag- en Woensdagkoelkas
- Enige ander optrede soos deur die drie gesagstrukture van die skool bepaal.
- Die ontneem van voorregte soos deelname aan die skool se aktiwiteite, die dra van skooldrag, klasbywoning, bloktyd en funksies soos die Parkiebal en die matriekafskeid.
- Leerders wie se voorkoms nie na wense is nie, sal eers weer tot klasbywoning toegelaat word indien die probleem reggestel is.
- Leerders wat nie die gedragskode van die skool onderhou nie, kan die voorreg verbeur om hulself vir die leierstrukture van die skool, soos die Matriekraad, Parkieraad en dirigente verkiesbaar te stel .
- Opskorting van 'n vorige jaar se strafpunte waarna die middagbesintyd gepaardgaande hiermee, weer ingehaal sal moet word.

Die moontlikheid van ernstige sanksionering soos bv. die weerhouding van die voorreg om die matriekafskeid by te woon, sal vroegtydig en deurlopend in dissiplinêre skrywes aan ouers gekommunikeer word, namate die leerder punte in die stelsel akkumuleer. Ernstige sanksionering is die uiteinde van 'n proses en is 'n funksie van die interne tugraad of die beheerliggaam se dissiplinêre komitee.

**Koelkas**

- Indien 'n leerder 100 debietpunte versamel het, moet hy/sy vir die koelkassessie aanmeld. Ouers sal per sms of e-pos in kennis gestel word indien 'n leerder vir 'n koelkassessie moet aanmeld en die leerders sal ook 'n strokie met die besonderhede t.o.v. hulle wangedragpunte ontvang. Die sessies vind alternatiewelik op Woensdae van 14:15 - 16:00 en op Vrydae van 13:30 - 15:00 op die datums soos in die werkplan geskeduleer, plaas.
- Probleme met die bywoon van koelkas moet vóór die betrokke dag met die graadvoog bespreek word. Uitstel sal slegs in uitsonderlike gevalle oorweeg word.
- Indien 'n leerder nie opdaag vir koelkas nie, maak hy/sy hom onmiddellik skuldig aan oortreding 043 (minagting van tugmaatreëls).
- Leerders sal nie verskoon word vir enige buitemuurse oefening nie.

**Tydelike skorsing of permanente uitsetting**

**Ernstige minagting van die skool se gedragskode** kan 'n dissiplinêre verhoor tot gevolg hê. Laasgenoemde kan tot tydelike skorsing of aanbeveling van permanente uitsetting lei.

Ingevolge artikel 9 (1) van die Skolewet kan 'n leerder as voorkomende maatreël geskors word met die opvolg van 'n formele intervensiegesprek, interne verhoor of formele dissiplinêre verhoor. Indien 'n leerder aan 'n **kriminele oortreding** skuldig bevind word kan dit tot aanbeveling van permanente uitsetting lei.

Die **uitstel van tug- en dissiplinêre verhore** is teenproduktief en verhoog spanning by alle partye. Dit moet vermy word en sal nie onbepaald uitgestel word nie.

Tydens dissiplinêre verhore sal leerders wat as getuies optree en wat intimidasie vrees, toegelaat word om in camera te getuig.

# Alkoholiese drank en/of gewoontevormende middels

Geen leerder mag in besit of onder die invloed van enige vorm van alkoholiese drank en/of onwettige gewoontevormende middels wees nie. Die skool het die reg om ‘n leerder vir die gebruik van verbode middels te toets wat kan lei tot onmiddellike tydelike skorsing van 5 skooldae hangende ‘n dissiplinêre verhoor met ‘n verdere skorsing van 7 skooldae of uitsetting.

**Die Hoërskool Menlopark**

- Erken dat werknemers van die staat en van die skool, leerders en besoekers die reg het om in 'n aangename omgewing in die skoonste lug moontlik te werk, studeer en sake te doen;
- Verwag dat alle werknemers, leerders en besoekers die regulasies ten opsigte van rook en die gebruik van tabakprodukte by die skool sal nakom.

**Gebiede waar rook verbode is**

- Al die geboue, met inbegrip van ingangsportale, gange, trappe, stoepe en kleedkamers en enige deel van die terrein van Die Hoërskool Menlopark word as rookvrye geboue beskou.

**Verantwoordelikheid**

Dit is primêr die verantwoordelikheid van lynbestuur in die skool om te verseker dat die beleid met betrekking tot rook nagekom word.

Persone wat weier om die beleidsbepalings van die skool se tugkode na te kom, sal waar van toepassing onderdanig wees aan die sanksies wat die Wet bepaal.

Besoekers wat weier om die beleid te gehoorsaam sal toegang tot die perseel geweier word.

# Beleid met betrekking tot selfone, tablette en slimhorlosies

'n Parkie se integriteit en respek vir ander laat hom nie toe om sy/haar selfoon **tydens skooltyd** te gebruik nie.

- **Tydens klas** is 'n Parkie se selfoon **in alle opsigte onaktief** en weggebêre.
- 'n Parkie is te alle tye bewus van sy/haar omgewing en dra daarom nie oorfone in sy/haar ore nie.

Daar kan op twee wyses na selfone in skole, ook by Die Hoërskool Menlopark, verwys word:

1. Dit is'n noodsaaklike kommunikasiemiddel tussen die leerder en sy/haar ouers.
2. Dit is 'n euwel wat probleme vir die leerder, die skool en sy personeel kan inhou.

**Ordereëlings met betrekking tot leerders se selfone:**

1. Selfone is duur en dit kan maklik wegraak. Daarom verkies die skool dat dit tuis gelaat word.
2. Waar dit vir die leerders noodsaaklik is om selfone by hulle te hê, geld die volgende:
   - Leerders is te alle tye verantwoordelik vir hulle selfone. Selfone moet nooit op plekke gelaat word waar dit verwyder of gesteel kan word nie. Selfone mag dus nooit in tasse of sportsakke gelaat word nie en moet verkieslik aan die lyf gedra word.
   - Selfone MOET altyd afgeskakel wees tydens:
     - saalopeninge
     - vierkantopeninge
     - in die klaskamer
     - waar toetse en eksamen geskryf word
   - Selfone mag glad nie gebruik word om skoolreëls te omseil nie. Wanneer 'n leerder, byvoorbeeld, om 'n geldige rede huis toe moet gaan, of gehaal word, moet die korrekte prosedure gevolg word. Die graadvoog moet eers genader word en indien hy/sy goedkeuring verleen, mag die ouers geskakel word.
3. Enige gebruik van selfone strydig met hierdie ordereëlings sal daartoe lei dat 'n leerder 100 strafpunte ontvang.

   Die kwessie van onderrigtyd in die klaskamer is vir die skool en sy personeel van die uiterste belang, daarom dat tydverkwisting, veral met betrekking tot selfone en die gebruik daarvan tydens klastye, ten alle koste vermy moet word.
4. Tydens toetse en eksamens moet selfone, tablette en slimhorlosies in tasse wees – alhoewel die tasse vir die duur van die vraestel voor of agter in die klas gesit word, kan die toesighoudende personeellid nie die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.
5. Ons ontmoedig die aanskaf en gebruik van slimhorlosies ten sterkste. Daar is voortdurend in die klasse formele en informele assesseringstake waartydens slimhorlosies die leerders in moeilike situasies kan laat beland. Die leerders kan gerus slimhorlosies by die huis dra en gebruik, maar ons moedig die dra van gewone horlosies by die skool aan.
6. Let asseblief op die volgende belangrike voorskrifte met betrekking tot assesserings (klastoetse, toetse en eksamens):
   - Geen leerder mag tydens 'n toets- of eksamensessie 'n selfoon, tablet of slimhorlosie aan hom of haar hê nie – ongeag of die leerder 'n vraestel op daardie oomblik skryf of nie. Dit beteken dat hy/sy nie so 'n toestel aan sy/haar arm, lyf of klere mag hê nie.
   - Wanneer 'n leerder hom/haar daaraan skuldig maak dat hy/sy 'n selfoon, tablet en/of slimhorlosie in sy/haar besit het tydens 'n toets- of eksamensessie, ongeag daarvan of die selfoon, tablet of slimhorlosie aan of af is, maak hierdie leerder hom/haar skuldig aan oneerlikheid tydens toetse of eksamens. So 'n leerder sal dienooreenkomstig die gedragskode vir oneerlikheid tydens toetse of eksamens hanteer word.
   - Die beleid rondom oneerlikheid tydens toetse en/of eksamens soos deur die Departement van Onderwys bepaal, sal in hierdie geval(le) van toepassing wees.

# Boelies in skole

**SOORTE BOELIES**

**VERBALE BOELIES**

Verbale boelies knou ander af deur dit wat hulle sê, bv. laster.

**NIEVERBALE BOELIES**

Nieverbale boelies knou ander fisiek af, bv. skop, stamp en slaan.

**DIE E-BOELIE**

E-boelies tas ander se karakter en/of selfbeeld deur middel van elektroniese media, soos sosiale media, aan.

**WAT BEHOORT JY VAN BOELIES TE WEET?**

- Alle vorme van boelie is onaanvaarbaar.
- Boelies het geen respek vir hulle medemens nie.
- Indien jy die slagoffer van 'n boelie word, moet jy onthou dat dit nie jou skuld is nie en dat jy niks verkeerd gedoen het nie.
- Boelies kan seuns óf dogters wees.
- Boelies het hulp nodig!
- Die boelie het die probleem, nie jy nie!

**MANIERE OM BOELIES TE HANTEER**

- Moenie aan die boelie se eise toegee nie. Dit sal hom/haar slegs aanspoor om jou weer te boelie.
- Jy mag jouself verdedig, maar kyk gerus na die volgende wenke om jouself teen boelies te beskerm:
    - Rapporteer die boelie deur 'n persoon in 'n gesagsposisie in jou vertroue te neem.
    - Iemand wat selfvertroue uitstraal skrik potensiële boelies gewoonlik af.
    - Iemand wat altyd alleen staan se kans is groter om 'n boelie se teiken te word as iemand wat in 'n groep staan.
    - Wees selfversekerd.
    - Verdedig jouself op 'n kalm, dog positiewe wyse.
    - Weerhou jouself van enige aksie wat van die boelie die slagoffer kan maak.